



SLAAP GERUS

Skep 'n droë, higiëniese slaapruiimte sonder stofmyte en allergene met **PROTECT-A-BED**[®] se matras- en kussingbeskermers

Volgens die Allergievereniging van Suid-Afrika sal 'n derde van Suid-Afrikanners gedurende hul leeftyd aan een of ander allergie ly. Daar is boonop bewys dat stofmyte – wat dalk in jou matras en kussings kan broei – die oorsaak van 80% van allergieë, ekseem en asma is. Dit raak erger: Hierdie piepklein goggas byt nie; dis hul ontlasting wat 'n allergiese reaksie veroorsaak wanneer ons dit inasem. Moenie paniekerig raak nie! Jy kan hierdie pestilensies maklik uit jou bed en jou huis hou. Protect-A-Bed[®] se waterbestande en deurlugbare matras- en kussingbeskermers maak dat jy bestaande stofmyte kan inseël en enige nuwes kan uithou sodat jy en jou gesin sonder allergieë en gemaklik kan rus, asook asemhaal.



HOE KAN EK MY BED TEEN STOFMYTE BESKERM?




Bedek jou matras en kussings met **PROTECT-A-BED**[®] se matras- en kussingbeskermers om stofmyte in te seël en te keer dat nuwes hulle tuismaak.



WAS JOU MATRASBESKERMER elke vier tot ses weke om enige sweet en dooie velselle te verwyder, want dit is waarvan stofmyte leef.



WAS AL JOU BEDDEGOED WEEKLIKS met warm water.



MOENIE JOU BED SOGGENS dadelik opmaak nie. Laat dit vir 'n paar uur lug kry sodat enige vogtigheid van die nag kan uitdroog.



WAS JOU DUVET EN KUSSING een keer per maand en hang dit in die son om droog te raak.



SAGTE SPEELGOED waarmee kinders slaap, moet ook weekliks met warm water gewas word. Of plaas dit vir vyf minute op hoë hitte in die mikrogolf as dit mikrogolfbestand is. Was dit dan met koue water om stof te verwyder.



WAS JOU TROETELDIERE se komberse met warm water, want hulle kan ook aan allergieë ly. GH